# *DIE WEDYWERING*

Hoe onnaspeurlik Sy weë, is hulle nie? Wonderbare Here! Hoe goed is dit om Hom te vertrou. Ek is sommer seker julle het dit vanaand baie geniet. En het net die deur daar oopgemaak 'n paar oomblikke gelede en Suster Gertie daardie ou lied gehoor sing: *Hou Maar Net Aan, Nog Net Een Uur*. Dit het herinneringe aan my kerkie teruggebring, toe dit was net voor ek die ander keer weggegaan het om in die veld van sendingwerk in te gaan. Ek kyk uit op 'n "Soek God Eerste" hier voorkant dwars oor hierdie ou balk, ek onthou Sammy Davidson het dit daarop geverf omtrent vyf-en-twintig jaar gelede, aan die ander kant dink ek is daar "Waar Sal Jy Die Ewigheid Deurbring? Dink!" En net *hier* was 'n—'n vrou by die put, en Daniël in die leeukuil. O, goeiste! Baie dinge het sedertdien gebeur.

2 Net omtrent vyfuur vanmiddag het ek 'n noodoproep gekry wat van omtrent dertig, veertig myl hiervandaan in die land gekom het, van 'n sterwende vrou, en 'n baie kosbare vriend, Georgie Carter se moeder. En ek het geweet daar was genoeg predikers hier om te hou tot ek terug is. Edith was ook baie swak. En terwyl ons daar was, het die Here God op die toneel verskyn, en Suster Carter is ver van sterwe af. So, so ons is dankbaar daarvoor.

3 En nou raak dit tyd vir nagmaaldiens binnekort, ek dink dis omtrent twaalfuur wat hulle dit gaan hê. Watter tyd het jy opsy gesit om dit te gee? [Broer Neville sê: "Enige tyd, van nou af tot net na elf—dertig."—Red.] Net enige tyd wat ons . . . Hoeveel sal vanaand nagmaal gebruik, laat ons julle hande sien. Dis, o, dis wonderlik. Goed, ek wil net 'n woord of twee sê. Miskien sal ek my horlosie hier neerlê vir omtrent tien minute, vyftien, sal ons nagmaal begin. Nou, het julle Hom lief? Amen. En ek weet julle het dit baie geniet, het julle nie?

4 Wel, of Broer Thomas Kidd, en Suster Kidd, nie hier is, al die pad daar van Ohio af nie. Ek skat hulle was al hierbo. O, dis mooi, ek hoop dis op band en ek sal dit kry. Weet julle, hulle gee nie op nie. Hulle is net 'n paar dae onder die honderd, maar—maar dis wat my moed gee, is om sulke mense te sien. Dink daaraan, ek's 'n ou man, en voor ek gebore is, het hulle die Evangelie verkondig. En dan hier is ek 'n ou man, en hulle, as hulle nie kan uitkom en hulle stem laat opklink nie, vat hulle net 'n bandopnemer en gaan van hospitaal tot hospitaal, huis tot huis, verkondig die Evangelie. Dis besonder mooi. Amen. Ek's sekerlik bly oor hulle en oor al diegene wat hier deelgeneem het in hierdie dienste.

5 Nou, onthou, ons sal dit nou aankondig, as die Here wil, net sodra die kerk klaar is, wat hulle sê sal omtrent die tiende

Februarie wees, wel, ons is, as die Here wil, wil ons ten minste agt of tien dae neem, of miskien twee weke, oor daardie *Sewe Seëls* van Openbaring. En ons sal kaartjies uitstuur na ons besoekende mense hierrond, hier van die huis af, en hulle laat weet lank genoeg vooruit, so as hulle 'n idee kry om te kom, wel, ons sal gewis bly wees om julle hier te hê. En miskien sal die Here ons nog 'n vertoning van Sy Teenwoordigheid gee soos Hy die vorige keer gemaak het toe ons met die *Sewe Kerkeeue* klaargemaak het.

6 Wil julle ooit vir iemand bid, wel, dink altyd aan my, want ek's die een wat dit werklik nodig het. Nou, ek skaam my soort van, om hierdie tien, vyftien minute hier in beslag te neem, om iets te sê voor ons begin, maar laat ons ons hoofde net 'n oomblik buig.

7 Here Jesus, o, die stryd sal eendag oor wees, en daar sal geen siekes meer wees om voor gebid te word nie, en daar sal geen sondaars meer wees wat hulle kan bekeer nie. Maar, Vader, terwyl hierdie dag is wat dit is, laat ons werk terwyl ons lig het om in te werk, want die uur kom wanneer niemand kan werk nie. Nou, vir net 'n paar oomblikke, Here, ek sou sleg voel as ek dit nie doen nie, ek hierdie jaar sou afsluit sonder om nog 'n paar woorde te sê. Help my, Vader, bid ek, dat ek iets mag sê wat moed sal plaas in die harte van U mense, dat ons vanaand hier kan weggaan na die gebruik van die nagmaal, en ons besef dat daar in die nagmaal krag is. Israel het die nagmaal die eerste daar in Egipte gebruik, en het veertig jaar geloop sonder dat hulle skoene weggeslyt of hulle klere verslete geraak het. En, uit twee miljoen mense, was daar nie 'n swakke onder hulle toe hulle uit die woestyn gekom het nie. Here, laat ons dit vanaand onthou soos ons hierdie groot uur nader. In Jesus se Naam bid ons. Amen.

8 As ek die konteks sou spreek wat ek neergeskryf het waarmee ek op hierdie namiddag sou begin, sou ons teen vyfuur in die oggend hier wees. [Broer Neville sê: "Dit sal in orde wees."—Red.] Maar ek wil net 'n Woord lees uit . . . Dankie. Uit Efésiërs, die 6de hoofstuk, 12de vers, en nou net vir 'n paar oomblikke, vir moed.

> *Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen . . . wêreldheersers van . . . duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.*

9 "Bose geeste in die lug." En ek wil graag daaruit haal 'n klein tien of vyftien minute konteks, of teks, liewer, ek wil dit noem: *Die Wedywering.* 'n Wedywering is 'n kragtoets. En ons, waar ons het die . . . toets krag. Ons het altyd gehad . . . Die Indiane het altyd 'n vuur geplaas, en hulle sou soveel man aan *hierdie* punt van die tou sit, en soveel aan *hierdie* punt, en die—die toutrek, die kragtoets, sou die verloorkant oor die vuur trek. En nou weet ons daar is baie dinge, en ons sou dit vir 'n paar minute daarop

kon baseer, van—van wedywering, maar ek wil vir hierdie minute gou praat oor die grootste wedywering wat daar is, dis, tussen die Kerk en Satan. Daardie groot krag van Satan. En ons wil praat oor die groot krag van God in Sy Kerk.

10 Nou, hierdie groot wedywering is al vir baie jare aan die gang. Dit het in die Hemel begin, en Satan is uitgeskop na die aarde toe, en toe het hy 'n vyand van God se mense geword. En, van toe af, het hy al sy krag gebruik en sy strategie om God se mense oor die vure, of, in sy vure in, te probeer trek.

11 En nou weet ons Wie die meeste mag het, God het. En God, toe Hy Sy mense die beste Ding gegee het wat Hy kon om Satan mee te beveg, was Sy Woord gewees. Nou, omdat die Woord God is, en wie is sterker as God? So, die Woord is God, en die Woord word ons krag. God in die Kerk, word sy Krag om Satan na sy eie vure wat hy gemaak het, te trek. En die toutrekkery gaan voort. Nou, Jesus het gesê, in Markus 16: "In My Naam sal hulle duiwels uitdryf."

12 Nou, ek weet dis 'n ou spreekwoord wat mense. . . daar is 'n ou spreekwoord dat. . . En dis ook nie so oud nie. Mense glo nie vandag in duiwels nie. Maar die ding om te doen, na my mening, is om jou vyand te ken. En—en ken jou vyand, en oefen vir die wedywering wat jy gaan hê wanneer jy hom ontmoet, want jy gaan hom ontmoet. En ken hom, ken sy, weet wat sy krag is, en oefen dan vir hierdie wedywering wanneer jy hom wel ontmoet. Want dis een ding wat seker is, jy gaan hom ontmoet. En dus oefen jy vir die wedywering.

13 Nou, oefen vir 'n wedywering is net soos 'n bokser. Sy—sy vyand wat hy daar in 'n wedywering gaan ontmoet, om te veg, 'n werklike goeie vegter ken en bestudeer gewoonlik sy opponent. Hy bestudeer sy houe, weet waarvoor hy veg, of hy vooroor leun, terughang, regshandig of linkshandig veg. Hy bestudeer dit alles. En dan as hy 'n goeie, slim vegter is, kry hy vir hom 'n skermmaat wat sal veg net soos sy opponent veg, want hy sal al sy houe ken as hy by daardie punt kom.

14 En ek dink dis 'n baie goeie ding vir Christene om te doen. Dis reg. En nou as julle wil begin oefen, begin met Johannes 3:16, die Goue Reël. Begin reg daarmee, en dit sal jou op die vloer kry. En oefen dan vir die—vir die uitklophoue, want jy sal hulle moet gebruik. Almal weet dit. Jy moet oefen om jou vyand te slaan. En altyd gebruik God Sy Woord. Ons moet onthou dat God Sy Woord gebruik om Sy vyand te verslaan. As God kon dink of Sy mense enigiets beters kon gee om die vyand mee te verslaan, sou Hy dit gedoen het. Dus soos ek altyd gesê het: "Wanneer God 'n besluit neem, is dit die beste wat daar is. Hy hoef nooit Sy besluite te verander nie." So die eerste besluit wat God Sy mense in die Tuin van Eden gegee het, om die vyand te beveg, was Sy Woord gewees. Hulle is met Sy Woord verskans.

15 En nou gaan die vyand bestudeer die . . . ons strategie met die Woord. En, nou, Satan het dit alles so perfek bestudeer dat, toe hy by Eva gekom het, hy die—die beste strategie gehad het wat hy op haar kon gebruik, en dit was om met die Woord te redeneer. Nou, jy wil nooit met God se Woord redeneer nie. Glo Dit net. Moet Dit nie probeer verduidelik nie. Moet Dit nie probeer verstaan nie. Nou, jy kan God nie verstaan nie, so God is die Woord, en Dis net gemaak om te glo. En dis ons Krag, aanvaar net die Woord. En enigeen weet dat ’n saad in die regte soort grond sy soort sal voortbring. En ons neem net die Woord.

16 En, nou, Eva begin staan om te redeneer, toe hy . . . sy het die Woord vir hom aangehaal: “God het gesê: ‘Julle moet nie daarvan eet nie, want die dag dat julle daarvan eet’ daardie dag sterf ons.”

17 En Satan het nooit met haar gestry nie. Hy het gesê: “Sekerlik, dis reg.” Maar hy het gesê: “Jy sien, jy het ’n bietjie nuwe Lig nodig.” Iets ’n bietjie verskillend van wat God gesê het. “En as jy dit wel doen, sal jy net ’n bietjie slimmer wees. Jou oë sal oopgaan.”

Maar sy het gesê: “Wel, God het gesê ons sal sterf.”

18 Hy het gesê: “O, sekerlik . . . ” Sien, daar kom jy, net soveel: “Sekerlik sal jy nie sterf nie.” Maar God het gesê jy sou, en daarmee is dit afgehandel! En dit—dit het toe daardie groot toutrekkery verbreek, en het die hele menslike ras in die dood ingetrek, omdat Eva na ’n redenasie teen God se Woord geluister het. Nou, dis ’n jammerte dat sy dit gedoen het, maar dis verby. Maar nou is ons steeds verskans, en daardie skakel is daargestel in Christus Jesus. Ons weet dit. God het ons ons beste verdediging gegee, om net eenvoudig Sy Woord te vertrou.

19 Julle weet, en baie sê vandag daar is nie so ’n ding soos die Duiwel nie. Hulle glo dat dit net bloot ’n gedagte is. Hulle glo dit. En daar’s mense wat glo dat—dat—dat die Heilige Gees ’n goeie gedagte is, en dat die Duiwel ’n slegte gedagte is. Maar as julle oplet, wanneer die Bybel van die Heilige Gees praat, Hy het gesê: “Wanneer Hy die Heilige Gees gekom het.” En “Hy” is ’n persoonlike voornaamwoord. Sien? So, Hy, Hy is ’n Persoon. En die Duiwel is ’n persoon. En demone is persone. Ja, hulle is demone, en hulle—hulle kom op vele maniere. Maar hulle dink dis ’n oudmodiese gedagte.

20 ’n Man het hier met my geargumenteer ’n paar weke gelede. Hy het gesê: “Weet jy wat jy doen? Jy kry net daardie mense se verstand om iets te dink wanneer jy daardie ding vir hulle sê. Dis net ’n verandering van denke.”

21 Ek het daardie einste ding eendag in Indië teëgekom, toe daardie heilige manne daar waar ons gehad het, ek meen die grootste gehoor waarmee ek ooit gepraat het, in een staande gehoor, van ’n halfmiljoen mense gewees, en ek het dit deur onderskeiding in die Gees agtergekom. En hulle sou die Heilige

Gees mense sien uitroep, en hulle roep, daar in die gehore, en verskillende dinge vertel, en hulle gedagte agterkom. Die Raja's en die heilige manne, hulle het gesê: "Hy's hulle gedagte aan die lees."

22 So 'n paar oomblikke, omtrent vyf of ses het deur die gebedsry gegaan, en 'n blinde man het deurgekom. En hy was totaal blind, en sy oë was so wit soos my hemp. En ek het gesê: "Nou, hier is 'n blinde man, enigeen kan sien hy's blind." En ek het gesê: "As ek hom kon help, sou ek so maak, maar die enigste manier waarop ek dit sou kon doen, sou deur 'n gawe wees, om miskien iets te sê wat hy gedoen het; en dit sal die gedagte gee dat as God weet wat hy gedoen het, Hy sekerlik sal weet wat hy gaan doen." So ek het gesê: "Nou, kyk na hom," ek het gesê: nou, hy is 'n aanbidder van die son. Hy's al twintig jaar blind." En toe die tolk dit gesê het, was dit reg. Ek het gesê: "Hy's 'n getroude man. Hy . . . sy vrou is kleinerig, en hy het twee seuns, een omtrent sewe, een nege." Dit was presies reg. Het hulle name genoem, wat dit was.

23 Toe uit die gehoor uit, in die plek waar die mense was, het daar daardie golf ingekom: "Dis verstandelik, dis iets van die orde van—van 'n psigiese lees van hulle gedagte."

24 Toe het ek gedink: "Here, as U my net sal help. Ek—ek het U hulp nodig, Here. Hierdie mense probeer dit as 'n telepatie klassifiseer. En dis nie, en U weet dit, Here." Tog, ek het hulle die Skrif gegee dat Jesus gesê het Hy het niks gedoen totdat die Vader Hom getoon het nie. En toe, met die omdraai om weer na die man te kyk, het ek Hom net daarbo in 'n visioen gesien, met net sulke goeie oë as wat ek het. Ek het gedink: "Nou is dit die tyd."

25 Ek het gesê: "Hierdie man is 'n aanbidder van die son, nou, en hy het blind geword." En ek het gesê: "Nou, die . . . Daar's die Mohammedaanse priesters, en daar's die—die priesters van die Sjiïete, Djainiete, en die verskillende soorte godsdiens, Boeddha. Nou hierdie man wil sy sig ontvang. Nou, julle sal sê dat hy—hy die skepping aanbid het in plaas van die Skepper. Ek glo dit, ook. Maar hier sit ons vanaand." Ek het gesê: "En ons is . . . vandag is ek onthaal in die Djaina—tempel waar daar sewentien verskillende godsdienste was om met my onderhoud te voer, en elkeen van hulle teen Christus, elkeen!" En ek het gesê: "Nou, en baie van julle manne was daar. Nou, as Christus so verkeerd is, dan wil die man reg wees, en sekerlik sal die God van die skepping Wat die wêreld gemaak het, die enigste Een wees Wat hom sy sig kan gee. Dis redelik." En ek het gesê: "Nou, as enige van julle mense, die Mohammedaanse is hier die leidende godsdiens, as die Mohammedaanse priester hierheen sal kom en hom sy sig gee, dan sal ek die Mohammedaanse volg, of as die Boeddha—priester hom sy sig sal kom gee. Maar laat die God Wat hom gemaak het, die God, iemand se God êrens, want daar moet

wees, ons kan nie ’n skepping hê sonder ’n Skepper nie. En dit sal ’n Skepper verg om sig in hierdie oë te skep. Hy was al twintig jaar blind van na die son kyk, gedink hy sou na die Hemel gaan as hy dit doen. Die man het dit onkundig gedoen.” Ek het gesê: “Wat sal julle Boeddha—priesters doen? Julle sou net sy manier van dink verander. Julle sou sê hy’s verkeerd.” Hulle aanbid hulle dooie voorvaders. En ek het gesê: “Nou, julle sou dink hy was, julle sou sê hy was verkeerd, maar wat sou julle doen? Julle sou sy manier van dink verander.” En ek het gesê: “Wat sal die Mohammedaan doen? Sy manier van dink verander. Die Sjiïete, Djainiete, ensovoorts, hulle manier van dink verander.”

26 Ek het gesê: “Ons het dieselfde ding in die Verenigde State. Die Metodiste wil almal al die Baptiste Metodiste laat word, en die Pinkstermense wil al die Metodiste vat en hulle Pinkstermense maak. Dis ’n verandering van denke. Maar dis nie waarvan ons praat nie. Ons praat van God, die Skepper.” En ek het gesê: “Sekerlik sal die Skepper praat.” En, nou, ek sou dit nie gesê het as daardie visioen nie daar gewees het nie, hoegenaamd nie. Nou ek het gesê: “Nou, as die Een, kom ons laat Hom God wees, hom sy sig kom gee.” En ek het gesê: “Nou daag ek enige priester of Raja uit, of heilige man of wat dit ook al mag wees, kom gee hom sy sig, en ek sal jou filosofie volg, jy het ’n bekeerling gemaak.” En dit was die stilste klomp mense wat ek ooit gehoor het. Sien? Niemand het dit gedoen nie.

27 En ek het gesê: “Waaroor is julle so stil?” Ek het gesê: “Die rede dat julle is, is omdat julle dit nie kan doen nie, en ek ook nie. Maar die God van die Hemel Wat Sy Seun Jesus Christus opgewek het, Wie se dienskneg ons is, het my pas ’n visioen gewys dat die man sy sig gaan ontvang.” Sien? Ek het gesê: “Nou, as dit nie so is nie, kan julle my beveel om Indië te verlaat. Maar as dit so is, het elkeen van julle jul lewe aan Jesus Christus te danke. Ek wil julle graag vra, hoeveel hierbinne sal julle lewe vir Christus gee as hierdie blinde man sy sig ontvang? Julle sien julle priesters, niemand kom hierheen nie. Waarom kom hulle nie, as hulle vir julle gesê het hulle godsdiens is so groot en so groots? Waarom kom iemand nie en sê iets nie?” Niemand het gekom nie. Ek het gesê: “Dan julle mense daar, as julle hierdie blinde man hier sien staan . . . ”

28 En ’n dokter het nadergekom om sy oë te ondersoek. Hy het sy kop geskud, hy het gesê: “Hy’s blind.”

29 En dus het ek gesê: “Sekerlik, hy’s blind.” Maar ek het gesê: “As—en as God hom sy sig gee, hoeveel van julle sal Jesus Christus dien?” En net so ver as wat ek kon sien, seë van swart hande. Het na die man toe gedraai, en gesê: “Here Jesus, laat dit bekend wees dat U God is.” Die man het my om die nek gegryp, en daar het die burgemeester van Bombaai daar gesit, hom om die nek gegryp, sien so goed as enigeen kon.

30 Wat is dit? Dis—dis werklik 'n krag! God is God, en Satan is Satan! As jy nie in 'n Duiwel glo . . . Toe ek eers begin het, het ek—ek elke dag kop—aan—kop teen hom vasgeloop. Moenie vir my sê daar is geen Duiwel nie, want ek weet van beter. Ek moet hom elke dag beveg. So ek weet daar's—daar is 'n Duiwel. En jy moet geoefen wees wanneer jy hom raakloop. Nie geoefen in sielkunde, nie geoefen in geleerdheid nie; maar geoefen deur die Heilige Gees. God se krag in Sy Woord om Dit te manifesteer. Ken jou vyand. O, watter wrede ding is hy nie!

31 Hoe sou ek nie daarvan hou om nou hier te staan en daarop in te gaan nie, deur die Bybel terug te gaan en julle 'n man destyds te wys wat van aangesig tot aangesig daarmee gekom het. Hoe in die wedywering met die vyand, hulle hulself deur die Woord van God verskans het. Noag het 'n ondervinding daarvan gehad, en hy het geweet dat God vir hom gesê het dit gaan reën. En die wedywering was aan die gang tussen wetenskap en die Woord van God: Wetenskap sê: "Dit kan nie gebeur nie." God het gesien: "Dit sal gebeur." Amen.

32 Daardie selfde ding bestaan vandag. Dit sal gebeur! Dit gebeur wel! Daar is duiwels! Maar Jesus het hulle uitgedryf, en Hy het Sy Kerk outoriteit gegee om so te maak: "Dryf duiwels uit in My Naam!" Hy het eendag sewe duiwels uit 'n mooi vrou gedryf. En Hy het gesê: "Wanneer die onrein gees weg is uit 'n mens, wandel hy in droë plekke, keer dan terug, bring sewe ander duiwels met hom saam." Nou, dit dien te toon dat as die man van duiwels gereinig is, was daar iets wat in hom was wat uitgegaan het. 'n Duiwel het uitgegaan! Nou, toe die duiwel uitbeweeg het, dat God . . . gee God 'n geleentheid om in te beweeg. So, en wanneer Hy uitgaan, laat die Heilige Gees inkom. Moet dit nie net daar laat nie. As jy jou net van jou sondes bekeer en voortgaan, dan gaan jy slegter daaraan toe wees as ooit. Maar laat daardie plek waar Satan eens geleef het en beset het, laat dit met die Heilige Gees van God gevul word, en dan sal jy die krag van God se Woord in jou hê, gemanifesteerd, en duiwels uitwerp. Wedywering is aan die gang. Die Aandligte skyn. God se Heilige Gees is teenwoordig.

33 En nou is dit net omtrent—omtrent drie minute tot by die tyd dat die fluitjies geblaas gaan word, en dit sal middernag wees. Dan soos ons hierdie gebou verlaat, om na ons verskillende plekke en huise te gaan, en om buite te ontmoet, en om die wêreld te ontmoet, laat ons nie gaan soos ons tevore het nie. Laat ons gaan in die krag van Sy opstanding. Laat ons gaan in die Naam van Jesus Christus, met 'n banier hoog gelig, en met geloof in Sy Woord, om die tweesnydende Swaard te hanteer, met die skild en die volle wapenrusting van God aan, om die vyand te ontmoet, want hy word elke dag sterker en magtiger. Soos die—soos die vyand soos 'n vloed inkom, rig die Gees van God 'n standaard teen hom op. As ons by die einde gekom het van hierdie dinge

wat ons. . . en die verborgenhede van God met ons voltooi is, soek ons meer krag, 'n wegrapende krag, om te ontmoet 'n. . . erger krag, wat die Kerk sal wegraap en dit na Heerlikheid neem. Ons moet dit hê. Laat ons '63 met 'n uitdaging ontmoet, soos, ons is die diensknegte van die lewende God! En soos Sadrag, Mesag en Abednégo van ouds, sal ons nie voor die duiwels van hierdie wêreld buig nie en hierdie ding terugneem waaroor ons gepraat het, maar laat ons die stryd aanpak.

34 Ek voel vanaand, waar ons luister vir daardie fluite, ietwat soos Dawid het daardie vreeslike warm nag toe hy daar gelê het onder daardie moerbeibosse, en die vyand aan die opstaan was. Watter uur moes dit nie vir Dawid gewees het nie! Watter tyd vir hom wat daar lê! Hy het nie geweet hoe om te beweeg nie, hy het nie geweet waarvolgens om te gaan nie, want hy het geweet hy word in getalle oortref. Maar, ewe skielik, het hy gehoor soos die geluid van 'n Wind wat deur die top van die bosse gaan. Hy het geweet God het voor hom uitgegaan, en hy het na die geveg gegaan. Ek voel effens so vannag, na gisteraand se Boodskap, ek lê in die swartste uur wat ek ooit in my lewe getrotseer het. Ek voel soos Jesaja by die tempel nadat hy daardie engele gesien het, ek is 'n mens met onrein lippe, en woon tussen mense met onrein lippe. Maar luister, ek—ek's—ek moet dit êrens teëkom, en, al ding, ek wag om daardie geruis deur die moerbeibosse te hoor, om die vyand te gaan ontmoet waar dit ook al is. God help ons om dit te doen.

35 En nou dink ek dis een minuut voor twaalfuur. En '62 met al sy verlede, laat ons dit verby laat wees.

36 Laat ons nou op ons voete staan, ieder en elk van ons. Die konteks is aan elkeen van julle. Paulus het gesê: "Terwyl ek daardie dinge wat in die verlede is, vergeet," al ons foute van verlede jaar: "Jaag na die doel van die hoë roeping." Al my foute wat ek in al hierdie jare gemaak het, vergeef my vir hulle. God, vergewe my. Kerk, vergewe my. En die bediening waarmee ek—ek gefaal het, voel ek; God, vergewe my daarvoor. Kerk, vergewe my my foute. En ek sal jaag na die doel van die hoë roeping in Christus Jesus. Wat môre ook al inhou, weet ek nie, maar ek weet Wie hou 1963.

37 Laat ons nou ons hande na God ophef en laat ons op ons eie manier bid, soos ons ons belydenisse doen, en God vra om ons deur hierdie volgende komende jaar te help.

38 Hemelse Vader, soos ons hier staan, waar baie gedagtes in ons harte wegsterf, en van die foute van verlede jaar, en waar ons die dood van '62 nader en die geboorte van '63, O God, mag ons een trappie hoër teen die leer op wees, totdat ons Jesus en Sy program kan sien. Mag elkeen hier, Here, in gebed, terwyl die ou jaar sterf, en die nuwe geboorte van die nuwe jaar inkom, mag die ou mens se sonde en ongeloof in ons hart uitsterf, en die nuwe geboorte

inkom met die 1963, soos 'n geweldige Rukwind wat ons wesens kan vervul en ons nuwe skepsels in Christus kan maak.

39 Maak ons geskikte diensknegte. Vergewe ons verlede. Seën ons toekoms. Lei ons, O Here God, met U magtige hand, Jehova. Seën hierdie predikers hier. Seën die hele lekedom, al die besoekers. Wees U met ons, Here. Ons is U diensknegte en ons gee onsself geheel aan U vir 1963, dat die krag van U Gees meer voorrang in ons lewe kan hê en in ons wese. Help ons, God. Vergewe ons en help ons, dit bid ons. Bring magtige manne na vore! Bring magtige stryders van die Geloof na vore! Open hierdie jaar, Here, daardie verborge Manna, daardie Rots onder die rots, dat ons die program van God kan sien. Voltooi die piramiedes van ons lewe, Here; plaas die Deksteen, Christus Jesus, op ieder en elk van ons. Mag Sy groot manjifieke, heilige seëninge op almal van ons wees. Mag die vuur van die Heilige Gees op ons kom. Mag die krag van die opstanding gemanifesteer word. God, hoe dank ons U nie vanaand nie. Ons is U s'n. Ons gee onsself ten volle aan U, Here.

40 Waar ek oorkant gaan, nie weet waar of hoe, of wat ek sal doen nie, vertrou ek op U, Almagtige God, dat U my sal lei, U nie—winsgewende dienskneg, dat ek gebruik mag word tot die eer en die heerlikheid van die Almagtige. Skenk dit, Vader.

41 Ontvang ons gebede. Seën ons pogings. Genees die siekes en beproefdes, beide geestelik en fisies. En maak ons U diensknegte. Ons is die klei, U is die Pottebakker. Vorm ons, elkeen, op U Eie manier, dat ons by Christus Jesus kan inskakel, as 'n lid van Sy liggaam. Want ons vra dit in Jesus se Naam, en om Sy ontwil en vir die Evangelie se onthalwe. Amen en amen.

42 ['n Broer praat in 'n ander taal. 'n Ander broer gee 'n interpretasie—Red.] Dank U, Vader, God. Ons dank U vir hierdie Nuwe Jaars aansporing wat ons uitstuur met die hoop en met die vertroosting van die wete dat deur die spreek van hierdie woorde tot hierdie manne wat nie geweet het nie, dat die Boodskap waar is, en U ons vra om Daarby te staan. Ons sal alles doen waarvan ons weet, Here, om by U en U Woord te staan.

43 Ontvang ons in die Naam van Hom Wat ons almal geleer het dat ons so moet bid, [Broer Branham en gemeente bid tesame—Red.]: "Ons Vader Wat in die Hemel is, geheilig is U Naam. U Koninkryk kom. U wil geskied op aarde, soos dit in die Hemel is. Gee ons vandag ons daaglikse brood. En vergewe ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe. En lei ons nie in die versoeking nie, maar verlos ons van die bose; want aan U behoort die Koninkryk, en die krag, en die heerlikheid, tot in ewigheid. Amen."

44 Die Here seën julle en bewaar julle. Maar diegene nou wat na hulle huise moet gaan. . . Nou dis vyf minute oor, dis vyf minute in '63 in. Nou mag God julle seën. En—en julle wat vir nagmaal

wil bly, julle is sommer welkom om te bly, ons sal bly wees om julle te hê. Dis nie ’n geslote nagmaal nie, dis vir elke gelowige wat in gemeenskap met Christus is. Julle is welkom om te bly en die nagmaal met ons te gebruik. En die rede dat ons dit doen, is omdat dit die eerste ding is, ons begin ’n reis. En Israel, voor hulle hul reis begin het, het hulle die lam doodgemaak en die bitter kruie geëet, en hulle reis begin. En ek het gedink: “Hoe gepas is dit vanaand!” Die Lam is doodgemaak, Dis voorberei, die fees, en dis middernag. Dis wanneer hulle dit eet, weet julle, om middernag. So laat ons. Julle wat by ons wil bly en gereedmaak vir die reis wat kom, wat voorlê, ons sal bly wees om julle te hê. God seën julle.

45 En julle wat nou moet gaan, kan na julle huise gaan, en God sy met julle tot ek julle weer ontmoet. Amen. Die res van julle kan gaan sit en dan sal ons die nagmaal begin. Die suster sal . . . Goed, meneer.

Weer ontmoet! weer ontmoet!
Weer ontmoet aan Jesus’ voet; (weer ontmoet)
Weer ontmoet! weer ontmoet!
God sy met jou tot ons weer ontmoet!

46 Laat ons dit weer sing terwyl ons wag, julle weet, vir hulle wat uitgaan. Kan stil word, en dan is dit ’n baie plegtige ding. Ek gaan iets lees uit die Skrif oor ’n rukkie wat baie, baie, baie goed is. En laat ons dit nou weer sing.

Weer ontmoet! (Laat ons hande skud met iemand.)
(As daar enigiets verkeerd is in jou lewe, daardie persoon hier is wat jy te na gekom het, gaan nou na hulle toe en maak dit reg.)
Weer ontmoet! weer ontmoet!
God . . . (sal die pianis asseblief na die klavier kom?) . . . met jou tot ons weer ontmoet!
Weer ontmoet! weer ontmoet!
Weer ontmoet aan Jesus’ voet;
Weer ontmoet! weer ontmoet!
God sy met jou tot ons weer ontmoet!

Hy gee vir jou om,
Hy gee vir jou om;
Deur sonskyn of skadu,
Gee Hy vir jou om.

47 Laat ons dit weer sing.

Hy gee vir jou om,
Hy gee vir jou om;
Deur sonskyn of skadu,
Gee Hy vir jou om.

48 Dit pragtig? Laat ons dit weer sing terwyl hulle stil word.

Hy . . . (maak net julle oë toe) . . . jou om,
Hy gee vir jou om;
Deur sonskyn of skadu,
Gee Hy vir jou om.

49 Hemelse Vader, ons is so bly dat ons dit waar gevind het, in ons donkerste ure of deur die sonskyn, Hy gaan nooit weg nie, nóg versaak Hy. Ons is so gelukkig met dit wat ons het, ons vertroue gebou op niks minder nie as Jesus se Bloed met geregtigheid. Ons vertrou, Here, nie op die roem van hierdie wêreld nie. Ons vertrou! Ons durf nie op die mooiste gestalte vertrou, maar steun alleenlik op Jesus se Naam. Hoe dank ons U, Vader.

50 Nou is ons op die punt om deel te neem aan een van die—een van die baie min natuurlike artikels wat U ons nagelaat het. Een van hulle was doop, die ander was nagmaal, en die volgende was voetewas. O God, ons kom net plegtig binne, wetende dat hierdie Lam die Paaslam is. Die—die groot woestynreis het net voor die kinders gelê. Die bloed moes aan die latei van die deur gesit word, voor die pasga—lam geneem kon word.

51 God, ondersoek nou ons harte. Is die Bloed daar, Here? As dit nie is nie, bid ons dat—dat U dit sommer nou sal aanwend, ons sondes wegneem en hulle bedek, en hulle sal van ons geskei wees, Here, die sondes van hierdie wêreld, sodat ons nou heilig en fatsoenlik vir ons Vader kan wees as ons kom om die—die liggaam en die gestorte Bloed van ons Lam, God se Seun, ons Redder, te neem. Ondersoek ons harte soos ons lees, Vader, en maak ons dan U Eie. Want ons vra dit in die Naam van die Lam, Jesus Christus. Amen.

52 In die Boek van—van Korinthiërs, die 11de hoofstuk, wens ek 'n paar verse te lees, vanaf die 23ste vers lees ek dit. Dis Paulus wat met die Korintiese kerk praat.

> *Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus . . . die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het;*
>
> *en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem,* en *eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis.*
>
> *Net so ook die beker* en *ná die ete,* en die beker, maar ná die ete . . . (verskoon my, laat ek dit oorlees)
>
> *Net so ook die beker* en *ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit* tot gedagtenis, *so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.*
>
> *Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.*

*Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here.*

*Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink.*

*Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie.*

*Daarom is daar onder julle baie* sieklikes *en swakkes, . . .'n aantal het ontslaap.*

*Want as ons onsself* sou *beoordeel het, sou ons nie geoordeel word nie.*

*Maar as ons geoordeel word, word ons deur die Here getugtig, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel mag word nie.*

*Daarom, my broeders, as julle saamkom om te eet, wag vir mekaar;*

*en as iemand honger het, laat hom by die huis eet, sodat julle nie tot 'n oordeel saamkom nie. Die ander sake sal ek reël wanneer ek kom.*

53 Soos ek hieraan dink, die plegtigste tyd! Daar is ook geskrywe dat toe hierdie nagmaal die eerste keer uitgegee is, en voetewas. . . wat ons vanaand moet weglaat, omdat ons geen water het nie. Die water is alles afgesny, en ons het nie eens vanaand die ruskamer—fasiliteite gehad nie, want hulle moes dit net aanmekaar las so goed hulle kon, vir ons om vanaand hierdie diens te hê. Maar ons sal maak soos hulle gemaak het, gesê, ek meen Lukas het dit genoem, dat: "Hulle het 'n lied gesing en uitgegaan." Maar weet julle wat dit voorstel? Weet julle, in die begin, toe hierdie opdrag die eerste in Israel gegee is, daar in Egipte, was hulle op hul pad na die beloofde land. En dis hoe ons vanaand voel, dat ons op die pad na die Beloofde Land is. En die reis lê voor ons.

54 En hulle het 'n teken gehad, dat wanneer die doodsengel verbygekom het, dat daar bloed aan die deur moes wees, of die oudste seun of die oudste kind het gesterf in die huis. Die gedagte was, en die ware betekenis was, wend eers die bloed aan. Het julle opgelet hoe Paulus dit hier geplaas het? "As enigeen onwaardig eet, eet en drink hy oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie," wat dieselfde ding beteken, dat dood, geestelike dood, op die persoon rus wat op onwaardige wyse aan die Here se nagmaal sou deelneem. Dit sou wees, buite drink en aangaan, en lewe soos die wêreld, en na die Here se tafel kom. Ons behoort dit nie te doen nie. Nou laat ons ons harte reinig en ons hande reinig van. . . en ons verstand van bose gedagtes, dat ons na die Here se tafel kan kom,

eerbiediglik en heilig, aangesien ons weet dat ons ons verbind met ons Offerhande, Christus Jesus, Wat ons enigste redding is.

55 En nou, vanaand, die manier wat ons dit doen, is een van die ouderlinge staan hier, Broer Zabel. En ek dink, Broer Zabel, vanaand, as jy eerste van die platvorm af sal roep, sodat hierdie mense van die platvorm af kan kom en jou eerste ry hier vorm, as jy sal. Nou, Broer Zabel sal julle reghelp, oor ’n paar minute, sodra ons die seën op die nagmaal uitspreek.

56 Hierdie kousjer brood, deur ’n Christen gemaak, dis ongesuurde brood. En as julle sal oplet, wanneer julle dit in jul mond plaas, dis baie grof, om bitter te wees. Dis verrimpeld en gebreek, vermink, dit beteken die gebroke, verminkte liggaam van ons Here Jesus. O, as ek daaraan dink, voel dit of my hart ’n slag oorslaan! Wanneer ek dink dat Hy vermink en verwond en geslaan is, die onskuldige Seun van God! Weet julle waarom Hy dit gedoen het? Omdat ek skuldig was. En Hy het ek geword, ’n sondaar, sodat ek deur Sy Offerhande aan Hom gelyk kan word, ’n seun van God. Watter Offerhande!

57 Laat ons ons hoof buig. Heiligste God, wat ek vanaand in hierdie klein metaalskotteltjie hou, hierdie brood wat die gebroke, verminkte, gewonde, geslane liggaam van ons Here verteenwoordig, waar daardie profeet uitgeroep het: “Vir ons oortredinge is Hy deurboor, vir ons ongeregtighede verbrysel, die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom.” O, hoe onthou ons dit nie, Here! Waar ek myself vanaand aan daardie Offerhande verbind, en hierdie gehoor eweneens, Here, aan die Offerhande, mag ons ons Here onthou, Sy dood en Sy géseling, en alles wat Hy vir ons deurgemaak het, waar ons hierdie brood in ons mond neem. God, ons is onwaardige mense. Ons is nie geskik vir so ’n heilige ding nie, so laat U heiligheid, Here, U Teenwoordigheid en U Bloed, ons harte reinig. En soos ons dit ontvang, mag ons in ons gemoed ons dit voorneem om Hom voortdurend te dien dag en nag, al die dae van ons lewe. Heilig nou hierdie brood vir sy voorgenome gebruik. Ons vra in Jesus se Naam. Amen.

58 En ek hou dit in my hande na dertig-. . .omtrent drie-en-dertig jaar diens wat ek my Here gedien het, en ek—ek skaam my vir myself. Maar ek dink, wat sou ek doen as ek twee letterlike druppels van Sy Bloed vanaand in my hand gehou het? Wat sou ek daarmee doen? Maar, julle weet, ek het vanaand in my hand gehad, voor Sy aangesig, groter, dis die gekooptes met Sy Bloed, Sy Kerk. So wanneer ek dit hou, en die sap van hierdie druiwe, dink ek daaraan. Hy het gesê: “Ek sal nie meer van die vrugte van die wynstok drink nie, totdat Ek dit opnuut saam met julle drink in My Vader se Koninkryk.” Let dan op dat nadat die oorlog van sonde oor is, die eerste ding wat ons doen wanneer ons aan die ander kant beland, is die nagmaal gebruik, die Here se nagmaal.

59 En laat ons nou ons hoofde buig terwyl ons hierdie wyn seën. Ons Hemelse Vader, wanneer ek dink, waar ek hierdie wyn hier hou wat die Bloed van Jesus voorstel, hoedat deur daardie vloeiende Bloed my sondes weg is. Hulle word in die see van vergetelheid gesit en om nie meer onthou te word nie. En met hierdie Bloed, 'n sterwende seun het eendag oorkant in 'n hospitaal gelê, en U het my gered. O God, hoe dank ek U nie, Here. En gee my dan die opdrag deur die Heilige Gees, om die mense na Gólgota te lei en hulle die pad Huis toe te wys. Dank U, Vader. En heilig nou hierdie wyn vir sy voorgenome gebruik. En mag elke persoon wat aan hierdie sakrament deelneem, vanaand, geestelike en fisiese krag ontvang vir die reis wat voorlê. Want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

60 [Die gemeente word die nagmaal bedien. Leë kol op band—Red.] Om hier te staan en die families te sien inkom, en dis hoe dit een van die dae sal wees, familie by familie, rang vir rang, groep by groep, een vir een. Wanneer ons Hom ontmoet, watter tyd sal dit nie wees nie, wanneer al hierdie menslike lewe wat op die aarde was, wat in Hom geglo het en Hom vertrou het, daar sal ontmoet op daardie dag. Sal dit nie wonderlik wees nie?

61 Ons moet die voetewas vanaand uitlaat vanweë die water. Ons het nie tans voldoende fasiliteite nie, en hulle sal baie spoedig reggemaak word, hoop ons. Hulle kom goed aan en werk vinnig aan die nuwe tabernakel. Op 'n manier dink ek dat dit baie paslik is om nagmaal so op die eerste van die jaar te hê, hierdie tyd van die dag.

62 Nou, julle wat van buite die stad is, ry baie versigtig môre as julle huis toe gaan. Mag God met julle wees. En julle hier van die tuisland, naby, God sal met julle wees en julle help. En nou, as die Here wil, en ek moet vertrek vir hierdie volgende byeenkoms wat in Arizona voor hande is, en dan as God wil, sal ek weer by julle terug wees vir die *Sewe Seëls*, en net soos ek beloof het. Ek verlang beslis julle gebede. Ek het julle regtig erg nodig, so moenie vergeet om vir my te bid nie. En mag alles vir julle goed gaan. En ek waardeer gewis julle bywoning en hoe julle geluister het na wat ek gesê het in die Evangelie. Ek glo dat ons nou 'n verandering maak. En ek—ek bedank julle vir julle vriendelikheid.

63 En baie van julle ry myle en myle om te kom luister na 'n eenvoudige persoon soos ekself wat die Woord van God probeer bring. Ek's seker dit was iets meer as dit waarna julle kom luister het, behalwe ek, want ek het niks wat ek kan aanbied nie. Ek's ongeletterd, geen persoonlikheid nie, geen niks aan my nie. Dan wanneer ek mense sien ry vir honderde en honderde myle, en hier staan en wag, twee—uur in die môre, was dit nie vir niks wat ek gehad het nie. Dis Christus. Ek's so bly julle het Hom lief. En ek het Hom ook lief. En saam het ons Hom lief. En omdat ons

Hom liefhet, sal ons nooit hoef te skei nie. Ons mag uitmekaar gaan vir ’n rukkie hier, soos die tyd aangaan, maar ons sal weer saamwees. Dit was my ambisie om net mense na daardie plek te probeer lei.

64 En nou om die nuwe jaar te begin, wil ek sê, nie: “Gelukkige Nuwe Jaar” vir julle nie, ek wil dit vir julle sê: “God seën julle.” En as Hy dit doen, is dit al waaraan ons behoefte sal hê in die komende jaar. En ek vertrou dat Hy sal.

65 En nou deur Sy genade, gaan ons hierdie volgende jaar probeer, as Hy my sal spaar, julle sal spaar, deur Sy genade hoop ek ek is ’n beter pastoor volgende jaar as wat ek hierdie jaar was, hoop ek is ’n beter dienskneg van Christus. Ek sal hard probeer om nader te probeer lewe, opregter, om die Boodskap te bring net soos Hy vir my gee, ek sal Dit aan julle bring so goed as wat ek kan, niks weerhou wat Hy sou wou hê ek moet vir julle gee nie. Ek sal alles doen wat ek weet hoe. En ek weet julle voel net so. Julle, julle voel so dat ons nou almal wil saamwerk, want die aandligte word sekerlik dof, en die son is ver gesak. Die aarde koel af, ons weet dit, geestelik gesproke, die kerk koel af, en die herlewing is verby. Ons weet nie wat kom volgende nie, maar ons sal God daarmee vertrou, wat dit ook al is. En nou soos ons somtyds . . .

66 Ek wil hê julle moet onthou dat die Tabernakel hier, een van die beste pastore het wat daar in die wêreld is, Broer Orman Neville, ’n godvresende man, ’n goeie man. En wanneer in my afwesigheid, is Broer Neville in volle beheer, net asof ek hier sou wees. Trustees, diakens, ensovoorts, moet in hulle ampte bly net soos hulle doen. En dit is ons hoofkwartier. Dit is waar ons sal . . . waar ons gestasioneer is net hier. Billy Paul sal nie daar by my wees nie, slegs net vir die byeenkoms, hy sal hierheen terugkom. Die besigheid en alles word net hier gedoen net dieselfde. Gaan net daarnatoe, dit beteken nie dat ek julle verlaat nie. Ek gaan net, verstaan julle, dis net ’n visioen. Ek weet nie wat dit beteken nie. Ek vertrou en glo wel dat dit vir die vooruitgang van die hele Kerk sal wees. En ek weet dit sal vir ons almal beter wees as ons die leiding van die Here volg. Dis al wat ons weet hoe om te maak. Dis nie vir my maklik nie. Ek onthou eenmaal tevore moes ek weggaan hier van die kerk af. Party van julle ou mense onthou dit, hoe ek dit net nie kon doen nie! Ek is lief vir mense.

67 Toe ek ’n klein seuntjie was, is ek nie liefgehad nie, niemand het vir my omgegee toe ek ’n kind was nie, en ek, wanneer ek uitgevind het iemand het my lief, het ek—ek gedink: “wil vir hulle sterf.” En nou, omdat iemand jou liefhet, iemand omgee. Ek het eenmaal geklim op ’n paal en my haak het uitgeglip op ’n ou sederpaal, en die knoop was hoog bo, en ek het dit met my spoor getref en omgedraai, het omtrent vyftien voet geval en aan my arm gevang. ’n Dame het geskreeu, en sy het haarself

soort van *so* getik. Ek het altyd van daardie vrou gehou, sy het omgegee. Sy was iemand wat omgegee het. En ek het altyd gedink: "enigiemand wat vir my omgegee het, ek het hulle lief."

68 En hier 'n tyd gelede was ek in die dorp, ek het gedink aan dae wat was, en wat God vir my gedoen het, en ek waardeer gewis. En ek dank julle vir julle liefde en gemeenskap. En ek sal nooit probeer om julle verkeerd te lei nie. Dit sal altyd die regte pad wees, na die beste van my kennis. En neem julle my rekord, ek het nooit enigiets oor myself gesê nie, dit was altyd Jesus Christus. Sien? Sien? Het probeer om net so naby aan Sy Woord te bly as wat ek geweet het hoe om te bly, om julle te lei en julle na hierdie plek te lei.

69 En ek vertrou julle nou toe aan die hande van Broer Neville, eerstens aan die hande van God, en dan aan die hande-sorg van Broer Neville, om die kerk as pastoor voor te gaan en te waak oor die erfenis sodat ek hierdie byeenkoms kan hê en weer na julle kan terugkeer. Vertrou ek kan teen daardie tyd 'n groot openbaring van God aan julle bring, wat elke hart sal ontroer en die Kerk van God sal verheerlik.

70 Ons gebruik gewoonlik nagmaal. Ek wil nie meer sê nie, julle weet hoe ek voel. En ek dink die lied wat ons juis nou moet sing, *My Geloof Kyk Op Na U, U Lam Van Gólgota*. En terwyl ons staan en dit sing, laat ons hande skud met mekaar, en sê: "God seën jou."

> My geloof kyk op na U,
>
> Goddelike Redder;
> Hoor my nou terwyl ek bid,
> Neem al my skuld weg,
>
> Geheel Uwe wees!

71 Laat ons nou ons hande na Hom oplig.

> My geloof kyk op na U,
> U Lam van Gólgota,
> Goddelike Redder;
> Hoor my nou terwyl ek bid,
> Neem al my skuld weg,
> O laat my van hierdie dag af
> Geheel Uwe wees!

72 Tot ons weer ontmoet! Laat ons *Tot Ons Weer Ontmoet* sing. Almal nou saam.

> Weer ontmoet! weer ontmoet!
> Weer ontmoet aan Jesus' voet;
> Weer ontmoet! weer ontmoet!
> God sy met jou tot ons weer ontmoet!

Weer ontmoet! weer ontmoet!
Weer ontmoet aan Jesus' voet; (weer ontmoet)
Weer ontmoet! weer ontmoet!
God sy met jou tot ons weer ontmoet!

73 Laat ons nou ons hoofde buig. Broer Neville, waarom verdaag jy ons nie in gebed nie? God seën julle.

*DIE WEDYWERING* AFR62-1231
(The Contest)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik in Engels gelewer op Maandagaand, 31 Desember 1962, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., was oorspronklik van die magnetiese bandopname afgeneem en onverkort deur Voice of God Recordings gedruk. Hierdie Afrikaanse vertaling was gedruk in 2004 deur:

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE
58 DISA ROAD, ADMIRAL'S PARK, GORDON'S BAY 7140 WESTERN CAPE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:



VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org